# Kontakbesonderhede

## Telefoonnommers

| | |
|---|---|
| Tolvry | 0800 625 663 |
| Hoof Skakelbord | 021 507 6300 |
| Hoof - Mediese Afdeling | 021 507 6329 |
| Hoof Mediese Konsultant | 021 507 6441 |

## Epos

info@wcbs.org.za

## Webblad

www.wcbs.org.za

## Hoofkantoor-adres

Wes-Kaapse Bloeddiens
3 Oude Molen Straat, Ndabeni 7405
Posbus 79, Howard Place, 7450

## WCBS App

Laai af op Google Play of App Store

## WhatsApp

060 549 7244

**Volg ons op sosiale media:**

MKT17 (01 Jul 24)

Western Cape Blood Service
Do something remarkable

# Pasiënt Inligting

## Alles wat ek oor ’n bloedoortapping moet weet



Western Cape Blood Service
Do something remarkable

## As jy ’n voornemende pasiënt is wat moontlik ’n bloedoortapping mag nodig hê, is hierdie inligtingsbrosjure op jou gerig.

Bloed bestaan uit verskeie komponente soos rooi selle, bloedplaatjies, plasma, en wit selle, en elk beoefen ’n spesifieke funksie:

- Rooi selle is nuttig as gevolg van hul ysterryke voorraad en vermoë om suurstof te dra.
- Bloedplaatjies is nuttig om bloeding te stop.
- Plasma is nuttig vir sy stollingsproteïene.
- Wit selle help die liggaam om infeksies en ander siektes te beveg.

Bloedoortappings bevat rooi selle, bloedplaatjies, en plasma produkte.

### Hoe weet ek of ek ’n bloedoortapping mag nodig hê?

Jou dokter sal aan jou verduidelik of jy ’n bloedoortapping mag nodig hê, en ook die verskeie bloedprodukte en hoeveelhede om jou mediese kondisie te behandel.

### Sal ek toestemming moet gee vir ’n bloedoortapping?

Ja. Gedokumenteerde ingeligte toestemming is ’n vereiste voor ’n bloedoortapping. Jou dokter sal die risiko’s en moontlike alternatiewe met jou bespreek om jou met die besluit te help.

Indien jy ’n Jehova se Getuie-pasiënt is sal jou dokter die bloedkomponente wat jy bereid sou wees om te ontvang met jou bespreek.

### Wat gebeur as ek nie toestemming kan gee nie?

As jy onder noodomstandighede nie daartoe in staat is om toestemming te gee nie sal die toestemming laat vaar word. As jy ’n minderjarige is, kan jou ouer of wettige voog toestemming gee. As jy ’n geestesiekte het en nie op daardie tydstip kan toestemming gee nie, mag ’n wettige voog, of persoon wat voorheen in skrif deur die pasiënt gemagtig is, toestemming gee. Waar ’n hofbevel verkry is om behandeling toe te laat, sal die hof se beslissing toestemming oorheers.

### Wat is die voordele van ’n bloedoortapping?

’n Bloedoortapping kan help om bloed te vervang wat weens ’n operasie of besering verloor is en dus die komplikasies van ernstige bloedverlies beperk. ’n Oortapping kan ook gesonde bloedselle vervang in verskeie bloedafwykings.

### Wat is ’n bloedoortapping se risiko’s?

Bloeddienste in Suid-Afrika toets elke skenking vir MIV-1, MIV-2, hepatitis B, hepatitis C en sifilis, en ondersoek skenkers vir ander moontlike oordraagbare risiko’s. Daar is egter ’n oorblywende risiko van infeksie-oordrag deur ’n bloedoortapping. Die dienste versag hierdie risiko deur slegs vrywillige, onbetaalde skenkers te werf en bevorder die behoud van gereelde skenkers.

Verpligte prosesse word gevolg om te verseker bloedgroep-verenigbare bloed word aan ’n pasiënt uitgereik, alhoewel foute kan plaasvind wat lewensgevaarlike gevolge kan hê. Die dienste verlaag hierdie risiko deur noukeurige kruiskontroles om te verseker dat vermenging van pasiëntmonsters nie gebeur nie, en bevorder beste praktyke vir pasiënt identifisering en verifiëring by die pasiënt se bed.

’n Pasiënt kan ’n onvoorspelbare nadelige reaksie tot ’n bloedoortapping ervaar, soos ’n allergiese reaksie of koors. Dit kan deur mediese personeel in die hospitaal behartig word.

### Hoe veilig is bloedprodukte?

Bloeddienste in Suid-Afrika gebruik die nuutste tegnologie en navorsing om die veiligheid van bloedprodukte te verseker.

Die dienste volg ’n veelvlakkige benadering tot bloedveiligheid deur middel van skenkeropvoeding, skenker keuring, vrywillige onbetaalde skenking, voor-skenking keuringsproses, ’n vertroulike skenker-blitslyn, toets van alle skenkings, asook opvoeding van gesondheidsorgwerkers.

### Wat is die alternatief vir ’n bloedoortapping?

Daar is heelwat ander alternatiewe wat jou dokter met jou kan bespreek wat selberging prosedures en die gebruik van sekere medikasie om die verlies van bloed te verminder insluit.

As jy ’n voorafbeplande prosedure ondergaan en daaroor bekommerd is om bloed van die algemene bloedtoevoer te ontvang, kan jy familie en vriende met verenigbare bloed vra om vir jou te skenk. Dit staan bekend as aangewese/gerigte skenking. Jy kan gerus hierdie opsie met jou dokter bespreek.

### Wat kos dit om ’n bloedoortapping te kry?

WKB vereis geen koste vir die bloed self nie, slegs vir uitgawes wat aangegaan is om die bloed tot ’n veilige bloedproduk, geskik vir oortapping, te verwerk. Daar is ongeveer 70 produkte en 40 dienste. Die produkte wat aan jou gegee word hang van jou mediese toestand af. Die koste sluit die koste van die bloedproduk self, laboratoriumtoetse, produk kansellasie, na-uurse diens, en die vervoer van die bloed in.

Vir meer inligting, besoek asseblief ons webtuiste.